NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

PERSONALIA

Die telers van die Simmentaler en Simbra Genootskap wil alle sterkte toewens aan Willie Grobler wat in die Kaap is vir n operasie . Verder dink ons ook aan Ansie en Hardus Breedt wat herstel na haar operasie. Ons wens julle net beterskap toe.

BEOORDELAARS

Die Genootskap wil graag die volgende persone gelukwens met hul bevordeings as beoordelaars .

Stephan Voigts as Simbra Ras Eksaminator
Diethelm Metzger as Senior Simmentaler Beoordelaar
Paul Klein as Simmentaler en Simbra Senior Beoordelaar
Lourens Swart as Simmentaler Senior Beoordelaar.
Thunis Cocklin as Simmentaler A kandidaat
Amos Hengua as Simbra Senior A kandidaat

SIMMENTALER EN SIMBRA WEBBLAD

Die Raad het besluit om n koste van N$350.00 per maand te hef vir die advertensies wat geplaas word op die voorblad van die webblaaie. Dit is die advertesies wat afwisselend verskyn , optimaal om veilings en verkoopsdiere te adverteer . Telers is welkom om hul advertensies aan die Simkantoor te stuur. Klik gerus op www.simmentalernamibia.org of www.simbranamibia.org

VERKOPE VAN STOETDIERE

Ongelukkig het 2016 nog in alle dele van die land genoeg reen geval nie. Onder sulke omstandighede is ook telers genootsaak om noodverkope te doen en daar word n beroep aan telers gerig om stoetdiere aan medetelers aan te bied . dit sal jammer wees om goeie genetika te verloor wat n waardevolle bydrag tot die vleisbees kuddes in die land kan bydra. Voel asb vry om die Windhoek kantoor te kontak, Hennie sal alles doen om alle stoetdiere in die bedryf te hou.

SKANDERING

Skandeering sal moontlik n bietjie later (einde April/Mei) vanjaar plaasvind . Ons bekwamde skandeerder Thunis Cocklin vertrek binnekort na Suid Afrika om sy akkreditasie te doen, ons wens hom sterkte toe vir sy toets. N ander rede vir die later begin is die reen wat laat begin val het, ons hoop dat diere dan in n goeie kondisie sal wees.

SEMEN VOORRAAD

Daar is nog semen van ons BGP bulle op voorraad in Namibie. As daar telers is wat belangstel, kontak asb Hennie . Die eerste nageslag van die BGP bulle is van baie hoe gehalte en telers is tevrede.

SKOUDATUMS

Die skoudatums vir 2016

Windhoek: 30 September tot 8 Oktober
Gobabis: 26 -28 September
Grootfontein; 21-23 September
Rehoboth: 22-24 September
Keetmanshoop: 31 Augustus -3 September
Otjiwarongo: 8-11September

$$